Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, October 09, 2022
Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Trust kan vrede tussen jou en stiefma bewaar

## Sorg vir gade én die kinders erf steeds

My rubriek hier verlede week, "Erf is nie kind se reg", het 'n paar vrae onbeantwoord gelaat.

Verlede week het ons gesels oor die vraag of bates nie liewer direk aan die kinders bemaak moet word nie, pleks van aan die langslewende gade. Die kinders sorg dan vir die langslewende, terwyl hulle van hul erfenis verseker is.

Ek het enkele regspunte geopper wat die plan kan kortwiek, soos die testament en die testeervryheid van elke party, asook die reg op 'n eis van die langslewende om onderhoud.

Ek het ook my mening uitgespreek wat betref die finansiële onafhanklikheid van die langslewende (gewoonlik die vrou) en die gepaardgaande druk op haar menswaardigheid. So sterk dat iemand my die afgelope week selfs (grappenderwys, hoop ek) 'n feminis genoem het.

Versorging vir mekaar is belangrik. En ek sien veral in tweede huwelike, of 'n tweede verhouding wat bedoel is om permanent te wees, veral as daar kinders uit een of albei se vorige huwelike of verhoudings is, dat daar gewoonlik probleme kom as daar nie vooraf ordentlike boedelbeplanning gedoen is nie.

As jy kinders op hul lelikste wil sien, gooi erfgoed in die pot. Lelik, veral teenoor 'n langslewende "stiefma", maar ook teenoor mekaar.

### Dit kos jou niks

Daarom wil ek vandag stilstaan by 'n tegniek waarmee getroudes, of mense in 'n vaste langtermynverhouding, vir mekaar voorsiening kan maak en terselfdertyd die kinders se erfdeel nie agterweë laat nie. En dit kan gedoen word sonder om die bank te breek.

Dit doen jy deur bloot in jou testament 'n trust te skep.

Hierdie trust, 'n testamentêre trust, verskil ietwat van 'n trust in die ware sin, maar bied dieselfde of soortgelyke voordele.

Die res van hierdie jaar se rubrieke is te min om deeglik hierop in te gaan. Ek hou my dus by enkeles wat ek meen vir ons onderwerp ter sake is.

Dit kos jou niks. Die trust word geskep in jou testament. Die trust kom eers tot stand ná jou dood. In jou testament bemaak jy bates aan hierdie trust en nie direk aan begunstigdes nie.

Ek fokus vandag op die onderhoud van 'n langslewende gade. So 'n testamentêre trust is egter ook geskik vir die versorging van minderjarige kinders. Inteendeel, ek meen dit kan dalk die heel beste wees vir hierdie doel.

Maar, soos met alles in die lewe, is daar probleme by die voordele.

Jou testament is in werklikheid die trustdokument. Laat dit opstel deur iemand wat weet wat hy of sy doen. Nie elkeen met 'n regsgraad is 'n fidusiêre spesialis nie. Microsoft se "cut-n-paste" is nie goed genoeg nie.

Soos met enige trustakte kan die trustees net doen wat die trustdokument (in die geval jou testament) hulle magtig om te doen. Ek kan nie genoeg klem lê hierop nie.

Bemaak jy aan so 'n trust tot voordeel van 'n langslewende gade, sal so 'n bemaking aftrekbaar wees vir boedelbelasting. Maar daar is 'n voorwaarde en dit raak wat ek hierbo gesê het oor die gebruik van spesialiste.

Dit gaan hier oor die diskresie wat aan die trustees verleen word. Ek het al selfs 'n klousule gesien wat "uitdruklik bepaal dat die trustee die volle diskresie het met die toekenning van inkomste uit die trust". Dit moet juis nie gedoen word nie. Die oomblik wat die trustee 'n diskresie kan uitoefen, daar waai jou aftrekking vir boedelbelasting.

Ek sê weer, gebruik fidusiêre kundiges.

As julle binne gemeenskap van goed getroud is, besit julle elkeen om die helfte die gemeenskaplike bates. Boedelsamesmelting in dié geval kan 'n opsie wees om te oorweeg. Met 'n beperkte reg, soos 'n vruggebruik, oor die bates in die saamgesmelte boedel vir die langslewende.

Maar dit kan ook weer probleme skep, onder meer met boedel-, kapitaalwinsen selfs geskenkbelasting. Ek noem die tegniek net as 'n oorweging.

Deur bates aan 'n testamentêre trust te bemaak, word die bates uit die hande van die langslewende gehou, terwyl die langslewende tog die voordeel het van inkomste (en dus versorging) uit die trust. By die dood van die langslewende word die trust ontbind en die bates verdeel aan die kinders soos jy bepaal het in jou testament.

Wat van inkomstebelasting? Ons weet dat trusts inkomstebelasting betaal teen die maksimum koers vir individue, 45%. Maar hier het ons gelukkig art. 25B van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962), wat die deurvloeibeginsel daarstel.

Kortliks beteken dit dat inkomste wat die trust genereer en aan 'n begunstigde uitkeer, belas word in die hande van die begunstigde (teen die koers wat geld vir individue) en nie in die trust (teen 45%) nie.

### 'n Laaste punt

Maak seker jy het genoeg lewensversekering en maak die trust die begunstigde van die polis. Die polis sal 'n geagte bate wees in jou boedel vir boedelbelasting, maar omdat dit aan die trust uitkeer met die uitsluitlike doel om te voorsien vir 'n langslewende gade, sal dit aftrekbaar wees.

Jy kan dan ander bates aan die kinders bemaak.

En 'n heel laaste punt.

Die testamentêre trust sal by uitstek ook geskik wees sou die langslewende later 'n siekte soos demensie of alzheimers opdoen. Dan is die reëlings reeds getref vir sy of haar versorging uit die trust.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.